18.3 RAPPORT DEPUTATE JEUGSORG (Artt 111, 244)

A. Ds LJ Buys lewer die Rapport waarop br PJ Grobler aan die hand van ’n visuele aanbieding Kruispad-groep aan die Sinode toelig.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Jeug en Onderwys.
C. **Besluit:** Sake met finansiële implikasies word verwys na die Kommissie vir Finansies.
D. Punt 5.5 en 5.6 van dr AJ Krüger se Rapport word verwys na die Kommissie vir aanwys van Deputate.
E. Die Voorsitter rig ’n woord van besondere dank aan dr AJ Krüger vir sy inisiatief met *Kruispad*, aan ds LJ Buys as verteenwoordiger van die Deputate en br PJ Grobler as eerste Redakteur. Sr Maureen van Helden word sterkte toegewens met haar redakteurskap. Die seënbede van Ps 134:4 word die broeders en suster toegesing.
F. Ds AP Tredoux rapporteer namens die Kommissie vir Jeug en Onderwys.
G. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

H. **RAPPORT**

1. Opdrag

Die Sinode het Deputate vir Jeugsorg benoem met die volgende opdragte: (Acta 2006: 377-378)

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van die opdragte

2.1 *Samewerking met Deputate vir Katkisasie en Deputate vir Christelike Onderwys (Acta 2006:377, 2.1)*

2.1.1 Dat ’n struktuur geskep word waarbinne samewerking kan plaasvind.

2.1.2 Dat toerusting en literatuur deur gemeenskaplike publikasies aan Kerkrade beskikbaar gestel sal word.

Ds AL Pelser woon verskeie gesamentlike vergaderings van die Deputate Jeugsorg, Katkisasie en CO by waartydens raakvlakke bespreek word.

2.2 *Toerustingsmateriaal en programwenke vir jeugwerk (Acta 2006:377, 2.2)*

2.2.1 Dat die Jeugdeputate ’n deeglike voorraadopname van alle beskikbare lektuur doen en aan Kerkrade beskikbaar stel.

Ds PJ van Blerk het die afgelope drie jaar bestaande lektuur ingesamel en dit sal met die goedkeuring van die Sinode aan Kruispad-groep oorgegee word sodat dit verwerk kan word en die werkbaarheid van die heruitgee daarvan bepaal kan word.

2.2.2 Dat die lektuur van die afgelope vier treintoere as toerustingsmateriaal en programwenke voorberei en aan Kerkrade beskikbaar gestel sal word.

Die lektuur is ingesamel en dit sal met die goedkeuring van die Sinode aan Kruispad-groep oorgegee word sodat dit verwerk kan word en die werkbaarheid van die heruitgee daarvan bepaal kan word.

2.3 *Bystaan van ander GKSA Sinodes in Jeugsorg (Acta 2006:377, 2.3)*

2.3.1 Dat die Deputate die inisiatief sal neem in die skakel met die Deputate/Jeugleiers van die ander GKSA Sinodes.

Daar is skrywes uitgestuur en geen bystand was verlang. Die Deputate het hulp verleen aan ’n lidmaat van die ander Sinodes om haar weer in kontak met vorige kampgangers te bring.

2.4 *Die daarstel van ’n sentrale jeugkantoor (Acta 2006:377, 2.4)*

2.4.1 Dat die Deputate ’n sentrale jeugkantoor inrig om effektiewe gebruik van die Internet en ander kommunikasiemiddele te koördineer.

Die werksaamhede van die beoogde sentrale jeugkantoor word in een van die bene van Kruispad-groep opgeneem. Hierdie is egter nie ’n administratiewe kantoor nie maar eerder ’n werkswinkel vir die ontwikkeling van hulpmiddels vir die huidige en volgende generasie. Die Sentrale jeugkantoor staan huidiglik bekend as Kruispad-jeugkantoor en het die volgende visie:

Om die plaaslike gemeentes by te staan met jeugbediening deur die beskikbaarstelling van hulpmiddels vir die huidige en volgende generasie met die fokus op identifisering, koördinering, mobilisering en integrering van jeugbediening. Met die ontwikkeling van Kruispad-jeugkantoor kan opdragte soos 2.1, 2.2, 2.4.2, 2.5, 2.6 en 2.7 moontlik tot uitvoering gebring word.

2.4.2 Dat die vestiging van ’n eie webblad vir die GKSA jeug aan die jeugkantoor opgedra word.

www.kruispad.net is op 1 September 2007 bekendgestel te Barnyard in Menlyn saam met die bekendstelling van Kruispad-Tydskrif. Die webblad het 5 interaktiewe forums asook die argief van die vorige uitgawes van Kruispad-Tydskrif. Die webblad ondergaan nog baie veranderinge om die behoeftes van die GKSA jeug en jeugwerkers te bevredig.

Tans is Dirk Kruger aangewys as webmeester en funksioneer die webblad ook onder Kruispad-Publikasies.

2.4.3 Dat die Jeugkantoor die haalbaarheid van verspreiding van publikasies van die Jeugdeputate, asook die Katkisasiedeputate ondersoek.

Noue samewerking met die Deputaat: *Ons Bondsjeug*, het daartoe gelei dat *Kruispad* as publikasie deel kan vorm met die Jeugkantoor ten einde die teikengroep op die mees effektiewe wyse te bereik.

Een van Kruispad-groep se sterkste bene is Kruispad-publikasies. Hieronder funksioneer die tydskrif en webblad. Daar sal ook gepoog word om ander publikasies, wat ook vir die hele kerkverband se jeug tot voordeel sal wees, uit te gee.

Kruispad-tydskrif

Die Sinode kan kennis neem van die volgende inligting rakende die tydskrif:

(a) Die Tydskrif se redaksionele span bestaan tans uit ongeveer 15 lede waarvan 3 voltydse personeel is asook verskeie vrywillige en deeltydse personeel.
(b) Kruispad-Tyskrif word tans tweemaandeliks uitgegee binne en buite die GKSA.
(c) Daar word ongeveer 6 000 eksemplare versprei.
(d) Met die skryf van hierdie Rapport het al 8 uitgawes die lig gesien waarvan die laaste twee 40 bladsye se reformatoriese leesstof bevat.
(e) Die Tydskrif is internasionaal geregistreer (ISSN nommer: 9771998063001) en is gereed vir verspreiding na winkelrakke.
(f) Die droom is om ’n sekere hoeveelheid na Gereformeerde gemeentes gratis te stuur en die res van die eksemplare via intekening te versprei. Om dit reg te kry het ons egter die kerkverband se bystand nodig.
(g) Daar word beplan om die moontlikheid van nog ’n multitalige uitgawe te ondersoek.
(h) Zeroplus-drukkers funksioneer as drukker en ons betuig ons dank teenoor hulle uitstekende werk. Hulle het op 16 April 2008 ’n brons-toekenning gekry met Kruispad-tydskrif as produk, by die Noordelike Kamer van die Suid-Afrikaanse Federasie van Druknywerhede.

Besluit: Kennis geneem van 2.1.1 tot 2.4.3.

I. RAPPORT – DR AJ KRüGER

1. Opdrag van die Sinode 1985/2006

1.1 Die Deputate vir Kerklike Tydskrifte het by die Sinode van 2006 ‘n versoek gerig dat die Sinode leiding moet gee oor die hantering van die *Bondsjeug*. Dit is gedoen deur dr AJ Krüger aan te wys as Deputaat vir die *Bondsjeug*.

1.2 Daar is nie ‘n spesifieke opdrag gegee nie, en nagaan van Sinodebesluite dui daarop dat Sinode 1985 opdrag gegee het dat die *Bondsjeug* as selfstandige tydskrif uitgegee word nadat dit klaarblyklik sedert 1981 as bylaag by *Die Kerkblad* verskyn het (Acta, 1985:77).

1.3 Die lesersteiken van die *Bondsjeug* is hoërskoolkinders, studente en werkende jongmense (1985:77).

1.4 Die opdrag aan die Deputaat is dus gebaseer op die besluite van Sinode 1985.
Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.4.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Verloop van gebeure*

1. Na afloop van die Sinode 2006 het ds (toe Teologiese Student) Paul Grobler onder die voorsienigheid van die Here by die nuwe redakteur van die *Bondsjeug* prakties gedoen in Jeugwerk.
2. Gesprekke is gevoer oor die kenmerke en vereistes aan ‘n jeugtydskrif wat in die hedendaagse tyd doelmatig tot die teikengroep sal spreek. Ds Grobler het verskeie insette gelewer en groot entoesiasme vir die saak getoon. Hy is toe (Feb. 2006) gekoöpteer as lid van die Deputategroep.
3. Ds Grobler het verskeie inisiatiewe geneem, en ‘n span van bekwame jongmense byeengebring om die tydskrif weer op die been te bring. Hierdie jongmense is (meestal) Gereformeerde professionele afgestudeerdes en studente van die NWU en TSP.
4. Daar is besluit dat die blad sal bekendstaan as *Kruispad*. Daarmee word twee kenmerke van die tydskrif uitgelig:

2.1.4.1 Dat die blad jongmense wil bedien in die lig van die kruis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

2.1.4.2 Dat jongmense in die teikengroep hulle op verskeie kruispaaie van die lewe bevind (bv beroepskeuses, lewensmaats, kerklike betrokkenheid, ens). Die tydskrif wil aan jongmense in die lig van die kruis leiding gee hieroor.

5. Vroeg in 2007 is ‘n bekendstellingsblad (genoem *Padkaart*) aan gemeentes in die GKSA versend en die eerste uitgawe in Februarie 2007. Die eerste uitgawes is gratis versend aan gemeentes, met die aanmoediging vir lesers en Kerkrade om in te skryf op die blad. Tans word daar steeds gratis eksemplare aan gemeentes gestuur en verder aan intekenare.
6. Die blad verskyn sedertdien gereeld (tweemaandeliks).

2.2 *Belangrike uitgangspunte*

1. *Kruispad* is ‘n eietydse tydskrif met Reformatoriese inhoud, gefokus op aktuele sake, gerig op groeiende gelowiges van 17–23 jaar om toerusting te gee vir die maak van ingeligte keuses wat lei tot geloofsgroei.
2. Hierdie visie word gerealiseer deur ‘n interaktiewe medium daar te stel wat relevante temas aanspreek en jong gelowiges motiveer om die pad van die kruis van Christus te stap en volwasse in geloof te word, sodat God die eer sal kry en die kerk opgebou sal word.

2.3 Die blad het ook ‘n webtuiste (www.kruispad.net) met verskeie rubrieke en die moontlikheid om te kommunikeer met die redaksiespan.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.

3. Toekomstige hantering van *Kruispad*

3.1 Tydens die proses van heruitgawe van *Bondsjeug/Kruispad* het dit spoedig duidelik geword dat daar groot oorvleueling tussen die opdragte aan *Kruispad* en die Deputate vir Jeugsorg is (beide het bv opdrag tot ‘n tydskrif en webblad).

3.2 Daar is verskeie kere saam met die Deputate Jeugsorg vergader, en daar is besluit om werk te koördineer. Dit het op sy beurt daartoe gelei dat besluit is om by die Sinode aan te beveel dat *Kruispad* in die toekoms deel uitmaak van die opdrag aan die Deputate Jeugsorg.

3.3 Daar sal reeds by Sinode 2009 meer omvattende verslag oor *Kruispad* gedoen word onder die rapport van die Deputate Jeugsorg.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.3.

4. Finansies

4.1 Sinode 2006 het geen begroting vir die *Bondsjeug/Kruispad* gehad nie.

4.2 Die *Vroueblad* het goedgunstiglik aan ons R25 000 voorgeskiet om aan die gang te kom.

4.3 Ons is van mening dat ‘n blad soos *Kruispad* nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie. Oor die toekomstige finansies van *Kruispad* word by die Deputate Jeugsorg gerapporteer en begroot.

4.4 Met die ineensmelting van die werk van *Kruispad* en die Deputate Jeugsorg is spesifieke gemeentes genader om as donateurs mee te werk aan die globale bediening aan die jeug in die GKSA. Finansiering van *Kruispad* het tot op hede hieruit en uit intekenings plaasgevind.

Besluit: Kennis geneem van 4.1 tot 4.4.

5. Sake waaroor die Sinode moet besluit

5.1 Die Sinode keur die ontwikkelings binne die tydskrif goed, insluitende die oordra van verantwoordelikheid vir die tydskrif na die Deputate vir Jeugsorg.

Besluit: Kennis geneem.

5.2 Die Sinode dank die Here vir ‘n tydskrif wat die jeug van die GKSA bedien en selfs wyer as die GKSA gelees word en ook bemark sal word.

5.3 Die Sinode spreek sy dank en gelukwense aan br PJ Grobler uit met die vestiging van die tydskrif.

5.4 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor al die medewerkers wat die publikasie moontlik gemaak het. Veral sr Adri Breed word bedank as die eerste redakteur: Inhoud van die tydskrif.

Besluit: Goedgekeur.

5.5 Die Sinode keur dit goed dat die opdrag rondom *Bondsjeug/Kruispad* hiermee oorgedra word na die Deputate vir Jeugsorg. Ondergetekende se opdrag is hiermee afgehandel.

Besluit: Kennis geneem.

5.6 Die Sinode wys br Paul Grobler aan as Deputaat Jeugsorg met opdrag: *Kruispad*. Ondergetekende is beskikbaar om as adviseur in hierdie verband op te tree.

Besluit: Verwys na Kommissie vir Aanwys van Deputate.

5.7 Die Sinode keur die begroting vir *Kruispad* as deel van die Deputate Jeugsorg goed.

Besluit: Verwys na Kommissie vir Finansies.

Aanbeveling van die Kommissie vir Finansies:

1. Die Deputate Jeugsorg in samewerking met die Administratiewe Buro ’n volhoubare kort en lang termyn beplanning en begroting doen.
2. Daar in die lig van die begroting, een of twee kollektes vir die Deputate Jeugsorg toegestaan word.
3. Daar in die lig van die begroting, deur die Deputate Jeugsorg in oorleg met die Administratiewe Buro, besin word oor hoe die nodige fondse bekom kan word.
4. Die kontrakte van *Kruispad* tot einde Februarie 2009 gehonoreer word, en dat die Jeugdeputate in samewerking met die Administratiewe Buro die nuwe kontrakte opstel en sluit.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

[Einde van die Rapport van dr AJ Krüger]

2.4.4 Dat die wenslikheid en werkbaarheid van ’n “diensjaar-aksie” vir die GKSA jeug daadwerklik ondersoek word.

Die wesenlikheid en werkbaarheid van ’n “diensjaar-aksie” vir GKSA jeug is ondersoek en word DV in Februarie 2009 afgeskop onder die naam: Kruispad-geejaar. Die fokus van die gee-jaar is om ’n jaar van jou lewe te gee vir koninkrykswerk asook toerusting vir geloofsgroei. Die eerste jaar sal bestaan uit ongeveer 6-8 jongmense wat onder andere deel vorm van die redaksie van Kruispad-Tydskrif. Die kurrikulum word deur ons projekontwikkelaar, in samewerking met

verskeie kundiges saamgestel. Daar sal gepoog word om die jongmense in Pretoria te huisves op 'n perseel wat deur Gereformeerde Kerke Rietvallei en Waterkloofrand geskenk is vir hierdie gebruik. Daar word ook saam met ATKV onderhandel om aan die jongmense 'n sertifikaat te gee in Skryfkuns. Met die skryf van die Rapport was die werking van die gee-jaar nog in wording.

2.5 *Aanbieding van jeugsaamtrekke op landswye vlak (oa Treintoer) met die oog op hulp aan kerke met hul jeugsorg (Acta 2006:378, 2.5)*

2.5.1 Dat die Jeugdeputate 'n jaarlikse landswye aksie soos die treintoer in samewerking met die aangewese reëlingskomitee aanbied.

Die aanbied van gesamentlike kampe, toere en aksies is deel van die beplanning van die sentrale jeugkantoor wat reeds op die been gebring is.

Die jaarlikse Treintoer het in 2006 in 'n ander formaat plaasgevind terwyl sekere nuwe eksterne omstandighede in 2007 die treintoer wesenlik beïnvloed het. Ter wille van duidelikheid word die volledige Rapport van ds HJP de Beer aan die Sinode voorgehou.

Besluit: Kennis geneem van 2.4.4 tot 2.5.1.

J. **RAPPORT - GKSA JEUGTOERE**

1. Opdrag

Dat die Jeugdeputate 'n jaarlikse landswye aksie soos die treintoer in samewerking met die aangewese reëlingskomitee aanbied (Acta 2006:378, 2.51).

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkswyse

Die reëlingskomitee van 2005 is aangewys om toere in lyn met die opdrag van Sinode 2006 vir die jare 2006, 2007 en 2008 van stapel te stuur.

Besluit: Kennis geneem.

3. Jeugtoer 2006

Jeugtrein 2006 sou op 29 Junie 2006 na die Oos-Kaap vertrek. Die beplanning deur die komitee rakende hierdie ekskursie was tydig in volle detail beplan en gereed om deurgevoer te word.

Die volgende verwikkelinge het egter onverwags plaasgevind:

3.1 **Dinsdag 30 Mei** word die volgende e-pos <u>sonder enige waarskuwing</u> van Spoornet ontvang: "Due to high level of traffic and the shortage of locomotives, this train is not approved to run". Hierdie boodskap is ontvang nadat die trein reeds in Augustus 2005 bespreek is en 'n kwotasies vir die koste van Spoornet ontvang en aanvaar is, sowel as finale aankoms en vertrektye by hulle ingedien is.

3.2 Dadelik is vertoë by Spoornet ingedien met die versoek tot heroorweging van die afstel van Jeugtrein 2006 (ander treintoer-operateurs het Spoornet teen 'n koste van R40 000 selfs Hooggeregshof toe gevat en dit sonder enige sukses).

3.3 **Donderdag 1 Junie** om 15:30 word telefoniese bevestiging van een van Spoornet se hoë amptenare ontvang dat ongeag die vertoë wat ingedien is vir die heroorweging van Jeugtrein 2006, die trein steeds nie toegelaat sal word om te vertrek nie vanweë Spoornet se logistieke probleme (lokomotiewe en drywers).

3.4 **Donderdagaand 1 Junie** vergader die reëlingskomitee na aanleiding van die gebeure en besluit: Jeugtoer 2006 het nie spore nie, daarom kry dit wiele.

Die beredenering was soos volg:

Met die ongelukkige gebeure dat Spoornet minder as 'n maand voor vertrek van hierdie toer die komitee in kennis gestel het dat hulle nie oor die logistieke vermoë beskik om die spesifieke trein te laat vertrek nie, het dit die vraag na vore gebring nl wat hierdie toer nou eintlik veronderstel is om te wees?

(a) Is hierdie 'n treintoer wat nou deur 'n bustoer vervang moet word?

(b) Is die beweegrede vir die komitee verantwoordelik vir hierdie toer en dan ook die kerkverband in die breë (gemeet aan die reaksie t.o.v. die inskrywings), die liefde vir treine en die reis daarmee?

In antwoord op hierdie vrae moes teruggegaan word in die geskiedenis van hierdie aksie, of dan ten minste die afgelope twee jaar, waartydens die huidige komitee aan die stuur van sake was. As vertrekpunt het die komitee by verskillende geleenthede (bekendstellings, verslae, artikels) die doel soos volg uitgespel nl:

(a) Om toergangers toe te rus met die Evangelie om ‘n verskil in eie en ander se lewens te maak.
(b) Om toergangers kerklike eenheid te laat beleef en sodoende te poog om die “klein-kerkie sindroom” onder jongmense tot ‘n einde te bring.
(c) Om toergangers opgewonde oor Kerk en Koninkryk na die onderskeie gemeentes in die GKSA te laat terugkeer.
(d) Om toergangers aan die wonder van God se skepping bloot te stel.

Hieruit was dit duidelik dat dit nie in die eerste plek gaan oor die bemarking van treintoere, bustoere, boottoere of wat ook al nie, maar oor die daarstel van toerustingsgeleenthede vir die jongmense van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Daarom het die komitee geen keuse gehad as om met die toer voort te gaan nie, want die werklikheid is dat die vervoermiddel en die gebied wat besoek word, nie die wese van dit waaroor hierdie toere gaan, raak nie. Die “struikelblok-optrede” van Spoornet het dus nie die doelstellings van Jeugtoer 2006 in gedrang gebring nie.

Die komitee het gevolglik op die volgende besluit:

(a) Agt semi-luukse busse word bespreek vir die toergroep.
(b) Vertrektyd op 29 Junie 2006 vanaf in Pretoria en Potchefstroom.
(c) Einde van toer steeds 8 Julie 2006.
(d) Bestemming – Natal (Drakensberge en Suidkus).

Deur die genade van die Here het die toer wel in 2006 plaasgevind en is in die algemeen goed deur die toergangers (376 van hulle) ontvang. Verder is geen noemenswaardige probleme ondervind nie.

Besluit: Kennis geneem.

4. Jeugtoer 2007

Vir Jeugtoer 2007 is met die Spoorweë onderhandel om weer ‘n trein deel van die toer te maak (al is dit net vir die gedeelte van Pretoria tot in Port Shepstone en terug), waarin geslaag is deur ‘n daaglikse geskeduleerde trein is sy geheel te bespreek. Uitstekende fasiliteite vir huisvesting en ontspanning is verder in Port Shepstone bespreek, ‘n opwindende avontuurprogram is onderhandel by sekere instansies en besondere geestelike toerusting spesifiek vir hoërskool-jongmense is beplan.

Die toer is verder by verskillende geleenthede binne die kerkverband bekendgestel d.m.v. e-posse, fakse aan predikante en Kerkrade met die versoek om die inligting deur te gee en jongmense aan te moedig en in staat te stel om die toer mee te maak. Bekendstelling van die toer is ook in *Die Kerkblad* en in *Kruispad* gedoen. ‘n Laaste poging is weer aan die begin van April 2007 deur die komitee aangewend deur ‘n oproep aan alle predikante en kerkrade wat per e-pos of faks bereik kon word, om die komitee dringend by te staan in die werwing van verdere inskrywings vir die toer aangesien dit op die stadium in die weegskaal was of die toer sou kon voortgaan.

Op die aand van 1 Mei moes die komitee egter ‘n finale besluit neem oor Jeugtoer 2007. Die besluit kon nie verder uitgestel word nie aangesien die betaal van deposito’s vir die trein, huisvesting, vervoer en avontuurprogram nie verder teruggehou kon word nie. Die werklikheid was egter dat op 1 Mei 2007 (58 dae voordat die toer moet vertrek) slegs 90 inskrywings vir Jeugtoer 2007 ontvang is (minder as die helfte van die benodigde hoeveelheid) wat dit gevolglik finansieel onmoontlik gemaak het om die toer te laat plaasvind. Die toer moes gevolglik vir 2007 afgestel word.

Besluit: Kennis geneem.

5. Jeugtoer 2008

5.1 *Aksies vanaf 23 Mei 2007 tot 29 Oktober 2007*

Die komitee het tydens bespreking op ‘n vergadering tot die konklusie gekom dat die vaardigheid van die spesifieke komitee lê in die reël van treintoere en dat treintoere steeds die behoefte van die jeug binne die GKSA is. Daar is toe besluit om ‘n laaste poging aan te wend vir die reël van sodanige toer vir 2008.

Die volgende aksies is gevolglik uitgevoer:

(a) Rovos Rail, ‘n private treindiens is genader vir die moontlike verkryging van ‘n trein. Onsuksesvol – trein te duur, te luuks en te klein (70 persone).

(b) Shosholaza Meyl, die passasiersdiens van Spoornet is genader vir die moontlike verkryging van ‘n trein. Onsuksesvol – doen geen besprekings vir private treine meer nie.

(c) Namibia Rail, die treindiens van Namibia is gekontak vir die moontlike verkryging van ‘n trein. Hulle het lokomotiewe maar geen waens nie. Hulle waens is verhuur aan ‘n private toeroperateur in die RSA en kan slegs 70 persone huisves. Onsuksesvol.

(d) ‘n Brief met die nodige motivering is ten einde laaste op 4 September 2007 aan mev M Ramos, Chief Executive van Transnet gerig met die versoek vir die beskikbaarstelling van ‘n trein aan die GKSA vir ‘n Jeugtoer tydens Junie/Julie 2008. Hierdie skrywe is deur mev Ramos se kantoor verwys na mnr Louis van Niekerk, die Chief Operating Officer van Transnet.

(e) Die saak is met mnr Louis van Niekerk se kantoor opgevolg en is verduidelik dat ‘n navraag by Spoornet gedoen is vir redes waarom sodanige trein nie beskikbaar gemaak kan word nie. In ‘n persoonlike gesprek met hom het hy verduidelik dat die kanse om ‘n trein te kry skraal is. Die rede hiervoor aangesien alle passasiersdienste deur Transnet/Spoornet aan die staat gegee word om dit self te bedryf en die verliese wat daarmee huidig gemaak word, met belastinggeld aan te suiwer. Hierdie mense van die staat sal met die GKSA nie voor April 2008 onderhandel nie, want dan eers sal hulle die eienaars wees van onder andere Metro Treindienste en die Shosholoza Meyl. Verder sal hulle nie treine beskikbaar stel wat met belastinggeld gesubsidieer word nie.

Die gevolg was dat die komitee geheel en al nuut moes dink oor die formaat van ‘n toer.

Besluit: Kennis geneem.

5.2 *Avontuurtoer met Overlanders*

Die komitee het besluit om die moontlikheid van ‘n toer te ondersoek wat ook ‘n definitiewe unieke element sou bevat wat ‘n waardige plaasvervanger sou wees vir die trein wat in vorige toere gebruik is.

Daar is toe kontak gemaak met ‘n professionele toermaatskappy wat oorgrenstoere in Afrika doen. ‘n Toer met Overlanders vanaf 23 Junie tot 1 Julie 2008 deur Zimbabwe tot by die Victoria-valle en terug vir 122 jongmense is met hulle onderhandel. Overlanders is spesialisvoertuie met 18 sitplekke ingerig vir besigtiging van Afrika. Die toer moes noodgedwonge deur Zimbabwe beplan word aangesien alleen kampterreine in Zimbabwe groepe wat uit meer as 30 persone bestaan, kan akkommodeer.

Die beplanning vir die toer was einde Februarie 2008 in detail gefinaliseer en ook so met die toeroperateur vasgemaak, alles in afwagting op die afloop van die verkiesing wat in Zimbabwe op 29 Maart 2008 sou plaasvind. Sodra die verkiesing afgehandel is sou die inligting van die toer binne kerkverband bekendgemaak word om so die nodige inskrywings uit die GKSA te verkry.

Die toer is egter die einde April 2008 formeel afgestel vanweë die politieke onstabiliteit van Zimbabwe na die onbevredigende verloop van hul verkiesing. Toekomstige oorgrenstoere na ander Afrika-lande sal verder ook die xenofobiese aanvalle op buitelanders in Suid-Afrika in berekening moet bring en die implikasies wat dit vir die veiligheid van so groep uit Suid-Afrika sou inhou, verreken.

Besluit: Kennis geneem.

6. Gevolgtrekking

Dit wil voorkom asof die moontlikhede vir GKSA Jeugtoere op die skaal soos wat dit voorheen aangebied is (2002–2006) en Sinode 2006 opdrag gegee het dat dit voortgesit moes word, op hierdie stadium binne en selfs buite Suid-Afrika deur omstandighede buite die beheer van die Deputate en die se aangewese komitee gekortwiek word.

Besluit: Kennis geneem.

7. Aanbevelings

7.1 Die Sinode neem kennis van die GKSA Jeugtoer 2006 wat wel gerealiseer het.

7.2 Die Sinode neem kennis van die beplanning en werk deur die huidige reëlingskomitee gedoen in die poging om GKSA Jeugtoere vir 2007 en 2008 te verwerklik.

7.3 Die Sinode versoek die Jeugdeputate om die moontlikheid van toekomstige GKSA Jeugtoere steeds na te streef en indien omstandighede dit sou toelaat sodanige toere weer vir die GKSA-jeug, deur ‘n reëlingskomitee daarvoor aangestel, te organiseer.

Besluit: Kennis geneem van 7.1 tot 7.3.

7.4 Die Sinode besluit dat die fondse (ingesluit die rente wat deurlopend daarop verdien word) en bates opgebou uit vorige GKSA jeugtoere, geoormerk bly vir aanwending tydens moontlike toekomstige GKSA Jeugtoere.

Besluit: Goedgekeur.

[Einde van die Rapport oor Jeugtoere]

2.6 *Die aanbieding van seminare oor geïntegreerde jeugbediening (Acta 2006:378, 2.6)*

2.6.1 Dat die nood/behoeftes in die GKSA mbt jeugbediening by wyse van 'n landswye vraelys vasgestel word.

Die Deputate het kennis geneem van die resultate van ’n vorige vraelys en ’n verdere vraelys oor die Jeug se bydrae vir die Fees in 2009 uitgestuur. Die resultate hiervan is verwerk en aan die Feeskomitee voorsien.

2.6.2 Dat ’n strategie wat gevolg gaan word om 'n opbouende verskil te maak aan jeugbediening in die GKSA, met inagneming van die Jeugdeputate se besoek aan Amerika in 2005, bepaal word.

Die Deputate het gesprek gevoer met die Deputate Katkisasie en CO en ’n seminaar gehou om rolspelers te betrek. Die werk van *Kruispad* lewer hier ’n besliste bydra.

2.6.3 Dat ‘n landswye netwerk van medewerkers op die been gebring word om op plaaslike- en streeksvlak met die koördinering van oa vraelyste, seminare te help en voorbidding te doen.

Kruispad het begin met die samestelling van ’n databasis van kontakpersone in die verkeie gemeentes asook ’n databasis van jeugmentors wat gebruik kan word op kampe en ander geleenthede.

2.6.4 Dat die seminare wat aangebied sal word, gerig word op verskillende fokusgroepe byvoorbeeld Kerkrade, jeugwerkers, jong volwassenes, gesinne, ouers, ens.

‘n Vergadering is gehou met predikante van studentegemeentes, jeugwerkers, predikante van gemeentes wat reeds ver gevorder is met die bediening van naskoolse jongmense en ander belangstellendes. Die doel van die vergadering was om die behoeftes van hierdie groep te bepaal en hoe hulle in die kerkverband bedien kan word.

Na aanleiding van hierdie vergadering is ‘n inligtingsdokument opgestel waarin die hoofsake van bogenoemde bespreking saamgevat is. Voordat ‘n bedieningstrategie uitgewerk kon word, het ds Joop van Schaik, wat voorsitter van die subkommissie vir naskoolse jeug was, bedank as jeugdeputaat.

Aanbevelings wat wel op grond van die ondersoek en inligting gedoen kan word is:

2.6.4.1 Dat gemeentes oorweeg om kleingroepbedieninge of jeugwyke vir naskoolse jongmense daar te stel waardeur die kerkraad spesifiek op die behoeftes van die groep kan fokus.

2.6.4.2 Dat naskoolse jongmense, wat geestelik volwasse is, betrek word by die jeugbediening van die gemeente as mentors wat die skooljeug kan begelei op die pad van geestelike volwasse wording.

2.6.4.3 Dat naskoolse jongmense se attestate nie by hulle ouers se gemeente gehou word terwyl hulle elders werk nie, maar dat die attestaat - met goeie verwysings - aan die gemeente gestuur word waar die jongmense werk, sodat hy/sy daar plaaslik bedien kan word. Dieselfde geld vir studente se attestate. Hulle attestaat moet aangestuur word na die gemeente onder wie se sorg die onderwysinstelling val, sodat die naskoolse jongmense daar in die bediening bereik kan word.

2.6.4.4 Dat gemeentes die moontlikheid van 'n internetbediening vir sy naskoolse jeug ondersoek aangesien hierdie groep hoofsaaklik van die elektroniese media gebruik maak vir kommunikasie. Hierdie media kan baie goed in diens van die Koninkryk gebruik word om die jongmense te bereik.

2.6.4.5 Dat gemeentes die naskoolse jongmense se passie vir en behoefte aan daadwerklike aksie in die kerk, inspan vir die uitdra van die evangelie.

2.6.4.6 Dat hierdie opdrag gekontinueer word. Die inligting wat reeds ingewin is en wat in die dokument hierbo genoem is, kan gebruik word as basis vir die uitwerk van 'n bedieningstrategie vir naskoolse jongmense.

2.7 *Skakeling met afvaardigings van die NG, NH en ander binnelandse kerke (Acta 2006:378, 2.7)*

2.7.1 Dat die skakeling met NG, NH en ander binnelandse kerke sal voortgaan.
Kruispad het deur die afgelope jaar noue kontak opgebou met die Jeugdeputate van NG Kerk, nl. JONK (onder leiding van ds Zander van der Westhuizen). Om hierdie kontak nog meer te versterk is *Kruispad* ook betrokke by 'n groot jeugberaad van die NG-kerk te Irene, Pretoria (29-31 Aug 2008) nl. JonkLive. Hierdie samewerking het ook teweeggebring dat *Kruispad* betrek word om insette te lewer in die jeugontwikkelingsprogram van die regering.

2.7.2 Dat die Jeugdeputate afvaardigings van die bogenoemde kerke na 'n jeugberaad nooi gedurende 2006.
In uitvoering van hierdie opdrag oordeel die Deputate dat die skakeling soos by 2.7.1 uitgebrei word.

2.8 *Fondse van die Jeugdeputate (Acta 2006:378, 2.8)*

2.8.1 Dat die Deputate by die volgende Sinode verslag sal doen oor die aanwending van die fondse.
Die Jeugdeputate het reeds in 2006 alle fondse na die Administratiewe Buro oorgeplaas en daar is net vir Reiskoste ens voorsiening gemaak uit die begroting van die Administratiewe Buro van die GKSA.
Die Finansiële State van die Treintoer is ter insae by ds HJP de Beer beskikbaar.

Besluit: Kennis geneem van 2.6.1 tot 2.8.1.

2. Aanbevelings

Die Sinode verleen goedkeuring aan die voorgestelde werkswyse van *Kruispad* om verskeie opdragte van Sinode 2006 uit te voer:

3.1 Die Deputate Jeugsorg bly voortbestaan, maar die Deputate staan bekend as die Deputate Jeugsorg en Kruispad. Dit impliseer onder meer dat alle jeugprojekte van *Kruispad* voortaan onder die leiding en toesig van hierdie Deputate funksioneer.
Motivering: Weens die historiese ontwikkeling van die meeste van die werk van die Deputate Jeugsorg rondom die *Kruispad*kantoor, en na oorleg met die betrokke partye en deeglike besinning rondom die saak, is die Kommissie oortuig dat die belange van die jeug die beste gedien sal word deur die inisiatiewe en projekte rakende die jeug onder hierdie Deputate te voeg. Met die term "Kruispad" in die naam van die Deputate word verwys na al die aktiwiteite soos dit na vore kom uit die Rapport van die Deputate Jeugsorg en word nie slegs verwys na die tydskrif met die naam "*Kruispad*" nie.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

3.2 Dat die Sinode kennis neem van die Personeel van *Kruispad*

Kruispad-groep se personeel (voltyds, deeltyds asook vrywillig) staan op die oomblik op ’n totaal van 32 persone. Hierdie persone woon onder andere in die volgende omgewings: Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom, Rustenburg, Stellenbosch, Kaapstad, Benoni en Klerksdorp. Kruispad-hoofkantoor is tans geleë in Potchefstroom op die kerkgronde van Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord. *Kruispad* funksioneer egter met die gebruik van die internet as ’n virtuele kantoor.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 Dat die Sinode kennis neem van die Funksionering van die Kruispad-groep:
Die funksionering van Kruispad-groep kan soos volg uiteengesit word

3.3.1 Kruispad-groep: Algemene bestuur en administrasie
3.3.2 Kruispad-publikasies
3.3.2.1 Kruispad-tydskrif
3.3.2.2 Kruispad.net (Webblad)
3.3.2.3 Ander publikasies
3.3.3 Kruispad-jeugkantoor
3.3.3.1 Hulpmiddels
3.3.3.2 150-fees (2009)
3.3.3.3 Kampe & seminare
3.3.3.4 databasis van jeugwerkers en jeugmentors
3.3.4 Kruispad-Geejaar
3.3.4.1 Programontwikkeling
3.3.4.2 Funksionering
3.3.5 Kruispad-labs

Besluit: Neem met dank kennis van 3.3 tot 3.3.5.

3.4 Dat die Sinode met opregte dankbaarheid kennis neem van die befondsing om hierdie inisiatief te kon begin en ontwikkel van die Gereformeerde Kerke Rustenburg en Koster in die oprigting van Kruispad-groep. Groot dank word uitgespreek aan die Kerkrade van Koster en Rustenburg gemeentes vir die ruim skenkings wat hulle gemaak het om Kruispad-groep op die been te bring. Hulle bydraes het Kruispad-groep in staat gestel om sover 8 uitgawes van Kruispad-tydskrif die lig te laat sien. Die salarisse van die voltydse personeel, honorariums van die deeltydse personeel en medewerkers, asook alle toerusting in die Kruispadkantoor is en word steeds hiermee gefinansier.
Ons is dankbaar dat hulle as donateurs opgetree het en hierdie ontwikkeling moontlik gemaak het. Hierdie fondse word deur die Administratiewe Buro geadministreer.

3.5 Dat die kerkverband se hulp gevra word om die volhoubaarheid van hierdie inisiatief moontlik te maak.

3.5.1 Dat die Finansiële Kommissie gevra word om die Sinode te adviseer hoe projekte van die Deputate Jeugsorg en *Kruispad* vanuit die kerkverband finansieel ondersteun kan word.
3.5.2 Dat *Kruispad* voortgaan om eie fondse te genereer .
3.5.3 Dat alle fondse geadministreer word deur die Administratiewe Buro as regspersoon van die GKSA.
3.5.4 Dat groot deursigtigheid in deeglike boekhouding tov die besteding van fondse teenoor beide die Administratiewe Buro en donateurs aan die dag gelê word.
3.5.5 Dat kontraktering van permanente personeel van *Kruispad* deur die Administratiewe Buro as enigste regspersoon van die GKSA gedoen word, volgens relevante wetgewing en na aanbeveling van die Deputate Jeugsorg en Kruispad.

3.6 Dat die toesig van Kruispad-groep in die toekoms onder die Deputate Jeugsorg ressorteer.
3.7 Dat die direksie van Kruispad-groep die bedryf en uitvoer van die opdragte aan die Deputate Jeugsorg sal hanteer.
3.8 Dat die Sinode die aanbevelings in die Rapport van ds HJP de Beer goedkeur.
3.9 Dat die Sinode die aanbevelings in die Rapport van dr AJ Krüger goedkeur.
3.10 Dat die Sinode weer Deputate vir Jeugsorg sal benoem.

Besluit: Goedgekeur.

4. Bykomende opdragte

4.1 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad tree op ter ondersteuning van die jeugsorg in die plaaslike gemeentes.

4.2 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad hou rekening met die multikulturele aard van die jeug in die GKSA in al sy opdragte.

4.3 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad hou toesig oor en gee leiding aan *Kruispad* oor al hulle aktiwiteite.

4.4 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad hou toesig oor die finansiële bestuur van *Kruispad*.

4.5 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad is verantwoordelik vir die uitgee van die *Kruispad*tydskrif.

4.6 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad hou toesig oor die inhoud van die *Kruispad*tydskrif.

4.7 In die uitvoering van bogenoemde word aan die volgende aandag gegee:

4.7.1 'n Redaksionele beleid word geformuleer in oorleg met kerklike tydskrifte waarin die Gereformeerde aard van *Kruispad* as tydskrif vir die jeug van die GKSA duidelik omlyn word.

4.8 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad is verantwoordelik vir die versameling en opgradering van nuwe toerustingsmateriaal en hulpmiddels wat in jeugbediening gebruik kan word.

4.9 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad is verantwoordelik vir die uitbreiding van die jeugkantoor van *Kruispad*.

4.10 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad gaan voort met betrokkenheid by die GKSA 150-jarige fees.

4.11 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad is verantwoordelik vir kampe, toere en seminare vir die jeug.

4.12 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad is verantwoordelik vir die uitbrei van 'n databasis vir jeugwerkers.

4.13 Die Deputate Jeugsorg en Kruispad is verantwoordelik vir die beplande Kruispad-Gee-jaar.

4.14 Die te benoemde Deputate Jeugsorg en Kruispad gee aandag aan die bediening van die naskoolse jeug (studente en werkende jeug) in die GKSA, bedien gemeentes van advies en ondersteun ook gemeentes in die bediening van hierdie teikengroep.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

K. **RAPPORT – NASKOOLSE JEUG**

1. Opdrag

(Soos aangehaal uit die Notule van 'n vergadering van die Jeugdeputate op 29 Oktober 2007)

"3. Die opdrag van die Sinode aan die Jeugdeputate insake die naskoolse jeug is die volgende:

3.1 Vorige opdragte: Sinode 2006 Acta:371 en verder bevat alle sake rondom Jeugsorg – dit is die vorige Rapport wat gedien het.

- "1.1.6 Dat lektuur wat veral fokus op naskoolse jongmense ook saamgestel word. Dit moet verkieslik ook vir blindes toeganklik wees."
- **"1.1.15 Dat 'n afsonderlike seminaar aangebied word met die oog op die aktiewe deelname en funksionering van naskoolse jongmense in die gemeente."**
- "1.1.16 Dat die Deputate die wenslikheid en werkbaarheid van 'n diensjaar-aksie vir die Gereformeerde naskoolse jongmense sal ondersoek en indien haalbaar, op 'n Gereformeerde wyse sal inklee en dan implementeer."
- 2.13.2 p374: 'n Jeugkongres was beplan vir Okt 2005 waar die werkende jongmense ook na uitgenooi sou word om hulle toe te rus.
- 2.13.3.1 'n Vraelys was opgestel en versprei.
- B2.13.4.2 p375: Doelwit 2 was dat die werkende jongmense as mentors sou optree vir skoolgaande jeug. Hulle moet 'n skakelgroep vorm tussen die jeug en die

bestaande diensstrukture in die gemeentes. Hulle vestig verhoudings met die jeug en Koördineer alle jeugwerk in die gemeente.

- Kyk ook 2.14 en 2.15.

3.2 Nuwe opdragte: p377

- 2.4.4 p378: Opdrag om die diensjaar-aksie vir die GKSA jeug daadwerklik ondersoek word.
- 2.6.4 Dat seminaar aangebied word wat ook die jeugwerkers sal toerus.
- Bl.841 2.9 Deputate en adviseurs is aangewys
  "Opmerking: Hierdie Deputate word versoek om noue skakeling te bewerk en behou met predikante wat Universiteitstudente bedien."

3.3 Opdrag van u aan die sub-deputate:
Uit die Notule van 10 Augustus 2006: "Skakeling met Naskoolse Jeug en Studente-gemeentes/leraars – Joop en Piet. Joop kry opdrag vir genoemde skakeling en onderneem om met studenteleraars te skakel" (sover die aanhaling uit die Notule).

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van die opdrag

'n Vergadering is gehou met predikante van studentegemeentes, jeugwerkers, predikante van gemeentes wat reeds ver gevorder is met die bediening van naskoolse jongmense en ander belangstellendes. Die doel van die vergadering was om die behoeftes van hierdie groep te bepaal en hoe hulle in die kerkverband bedien kan word.

Na aanleiding van hierdie vergadering is 'n inligtingsdokument opgestel waarin die hoofsake van bogenoemde bespreking saamgevat is. Voordat 'n bedieningstrategie uitgewerk kon word, het ds Joop van Schaik, wat voorsitter van die subkommissie vir naskoolse jeug was, bedank as jeugdeputaat.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings wat wel op grond van die ondersoek en inligting gedoen kan word, is

3.1 Gemeentes oorweeg om kleingroepbedieninge of jeugwyke vir naskoolse jongmense daar te stel waardeur die Kerkraad spesifiek op die behoeftes van die groep kan fokus.

3.2 Naskoolse jongmense, wat geestelik volwasse is, betrek word by die jeugbediening van die gemeente as mentors wat die skooljeug kan begelei op die pad van geestelike volwasse wording.

3.3 Naskoolse jongmense se attestate nie by hulle ouers se gemeente gehou word terwyl hulle elders werk nie, maar dat die attestaat – met goeie verwysings – aan die gemeente gestuur word waar die jongmense werk, sodat hy/sy daar plaaslik bedien kan word. Dieselfde geld vir studente se attestate. Hulle attestaat moet aangestuur word na die gemeente onder wie se sorg die onderwysinstelling val, sodat die naskoolse jongmense daar in die bediening bereik kan word.

3.4 Gemeentes die moontlikheid van 'n Internetbediening vir sy naskoolse jeug ondersoek aangesien hierdie groep hoofsaaklik van die elektroniese media gebruik maak vir kommunikasie. Hierdie media kan baie goed in diens van die Koninkryk gebruik word om die jongmense te bereik.

3.5 Gemeentes die naskoolse jongmense se passie vir en behoefte aan daadwerklike aksie in die kerk, inspan vir die uitdra van die evangelie.

Besluit: Goedgekeur.

4. Finale aanbeveling

Hierdie opdrag gekontinueer word. Die inligting wat reeds ingewin is en wat in die dokument hierbo genoem is, kan gebruik word as basis vir die uitwerk van 'n bedieningstrategie vir naskoolse jongmense.

Besluit: Goedgekeur.